

# RENÉ MARAIS

## *Die dieretuin in die poësie*

1

Sedert die vroegste tye neem diere 'n belangrike plek in die letterkunde in. 'n Mens dink dadelik aan die klassieke *Fabels* van die Griek Esopus, wat vermoedelik in die sesde eeu v.C. as slaaf op die eiland Samos aan die kus van Turkye geleef het. Daar word aanvaar dat die oudste optekening van Esopus se *Fabels* waarskynlik in 300 v.C. deur Demetrius van Phalermon onderneem is (Magill, 1982: 602). Ten spyte van die feit dat hulle aan Esopus toegedig word, kan die inhoud van sekere dierefabels egter "tot by vroeë Indiese vertellers of selfs tot by die Egiptiese digters van die veertiende eeu voor Christus" teruggevoer word (Magill, 1982: 603).

'n Tweede bekende teks waarin diere as personasies optree, is die Middelnederlandse diere-epos *Van den Vos Reynaerde*, waarvan die Comburgse handskrif (die enigste wat aanvanklik aan navorsers bekend was) vermoedelik tussen 1330 en 1340 geskryf is, maar wat klaarblyklik op ouer handskrifte berus (Burm en Van der Merwe, 1978: xi). Na die Comburgse handskrif beslaan die *Reinaert* 3469 versreëls. Ofskoon daar meningsverskil oor die outeurskap van die *Reinaert* bestaan, aanvaar Burm en Van der Merwe (1978: xvi; net soos J.W. Muller, medeversorger van die diplomatieuse 1903-afdruk) dat twee digters, Aernout en Willem, individueel vir verskillende tekssnitte uit versreëls 41-2484 verantwoordelik was, maar dat outeurskap van die slot (r. 2485-3469) nie verklaar kan word nie en dat die eerste tien reëls van die toegevoegde proloog (r. 1-40) deur Willem geskryf is. Ten spyte van die meerdere (vermeende) outeurskap van die teks vorm dit 'n enkele, samehangende storie.

Sowel Esopus se *Fabels* as die *Reinaert*-epos het 'n didaktiese strekking. As die bekendste tekste uit die Middel-euse literatuur en vroeër in oënskou geneem word, is dit trouens opvallend watter groot persentasie daarvan didakties is. In die meer eietydse literatuur, daarenteen, het die insidensie van didaktiek skerp afgeneem: in die huidige tydsgewrig is lering nie gewild nie.

Didaktiek kom desnieteenstaande in die literatuur wat op volwasse lesers gerig is nog verskuil in satires voor, en in Afrikaans dink 'n mens dadelik aan Etienne Leroux se oeuvre. In die poësie is didaktiek op die oog af nog skaarser as in die prosa. In Afrikaans kan 'n mens M.M. Walters noem, of satiriese verse van Wilma Stockenström, Barend J. Toerien en Daniel Hugo, maar oor die algemeen leef die satire in enkele verse wat binne 'n oeuvre versprei is en moet 'n mens pertinent na voorbeelde gaan soek. Om hierdie rede is 'n gedig waarin 'n les eksplisiet aan die slot verwoord word aan die hand van die optrede van diere - in sekere opsigte baie soos in die *Reinaert* en tydgenootlike literatuur - 'n nogal seldsame verskynsel. Ek verwys na 'n gedig van Leo Vroman (geb. 1915; opgeneem in Warren, 1992):

### DE VERSTANDIGE DOLFIJNEN

Dolfijnen woonden lang geleden  
in Kiev, Kleef en andere steden.

Ze hadden talk, thee en handen,  
en consuls in de meeste landen.

Maar één dolfijn vond eerst het kruit  
en toen zelfs de atoombom uit.

Zij riep: "Wij zijn te ver gegaan!  
Terug! Terug naar de oceaan!"

Zij wierp zich jurk en al in zee.  
Alle anderen doken mee,

en zij verloren in het schuim  
weer bril en opponeerbare duim.

### Moraal:

Dolfijnen! Schatjes! Maak ruim baan,  
wij komen achter jullie aan.

2

Net soos in narratologiese "oervorme" (fabels, sprokies, ens.) speel diere 'n belangrike rol in kinderliteratuur. Selfs in kartonboeke vir klein "lesertjies" (12-18 maande) is dit opvallend hoe tuis die hond en die kat en die voëltjie in *Ons huis* (1983) is. Dit is dus nie verrassend dat een van die ander titels in dié reeks van drie boeke *Diere* is nie.

Ook in gedigte vir kinders is diere volop. Kyk maar in die *Nuwe kleuterverseboek* (Opperman, 1981): dis "Trippe, trappe, trone" en "Die diere gesels"; "Ou Padda" en "Kriek speel musiek"; "Kraai", "Vlermuis", "Die olifant" en "Die skilpad" en nog baie, baie meer.

'n Besondere kategorie kinderrympies is dié van die alfabetrympie. Daar is alfabetrympies soos Elizabeth van der Merwe se "Die ABC van bome" (in Opperman, 1981), wat soos volg begin:

A vir Akasia - soetdoringkroon.

B vir die Breëblaarboekenhoutboom.

C staan vir Cassia, kersboom heet hy.

D - Dadelpalm wat mens oral rond kry.

Daar is ook alfabetrympies sonder 'n sentrale tema, waarin uiteenlopende dinge saam genoem word. In dié soort alfabetrympie is diere 'n gewilde keuse: in die anonieme "Die ABC" (Opperman, 1981) word in tien van die inskrywings na diere verwys. Die eerste vyf strofes lui:

A is vir AAP,  
hy kou aan 'n raap.

B is vir BROOD,  
eet dit en word groot.

C is vir CEYLON,  
waar ons tee vandaan kom.

D is vir DIER,  
van 'n mier tot 'n tier.

E is vir EEND,  
hy loop in die reent.

Afgesien van eenvoudige alfabetrympies vir kleintjies (soos "Die ABC" hierbo) is daar ook ingewikkelder alfabetrympies vir groter kinders (en volwasse lesers wat jonk van gees is), soos Edward Lear (1812-1888) se "An animal alphabet", waarvan sowel die woordeskat as die aansienlike lengte ('n tersiene per letter/dier) dit vir 'n kind moeiliker memoriseerbaar maak as die voorafgaande twee voorbeelde. Die eerste drie diere in Lear se alfabet is:

- A The Absolutely Abstemious Ass,  
who resided in a Barrel, and only lived on  
Soda Water and Pickled Cucumbers.
- B The Bountiful Beetle,  
who always carried a Green Umbrella when it didn't rain,  
and left it at home when it did.
- C The Comfortable Confidential Cow,  
who sate in her Red Morocco Armchair and  
toasted her own Bread at the parlour Fire.

Onder die ander 23 diere is daar ook "The hasty higgeldipig-geldy hen", "The scroobious snake", "The worrying whizzing wasp" en "The zigzag zealous zebra" (kyk die volledige teks soos opgeneem in Heaney en Hughes, 1988).

Uit die Afrikaanse poësie kan 'n mens nie nalaat om Antjie Krog se "Afrikaanse abecedarium", geskryf na 'n voorbeeld van Tessa Welch (en opgeneem in Marais, 1990), as 'n besondere voorbeeld van 'n alfabetrympie te noem nie. Die "geleerde" titel dui by voorbaat reeds daarop dat hierdie gedig nie in die eerste plek vir kinders bedoel is nie, ofskoon dit wel deur kinders gelees en geniet kan word, al sou dit net wees om die heerlike ritme wat deur die enumerasie van diere name ontstaan. In die eerste strofe word diere alfabeties van A tot Z in 26 versreëls opgenoem (een letter per versreël). Vier diere (of voëls/insekte/visse) word per versreël gelys, soos in:

Aardvark Armadil Alikreukel Akkedis  
Buffel Bradysaurus Bokmakierie Blaasopvis  
Cape Cobra Cactoblastis Camembert Codlingmot  
(...)

In vier van die versreëls in die eerste strofe (wat oor Q, U, Y en Z handel), lewer die spreker kommentaar, soos in r. 21: "Uil Ungulungu Unicorn (Kalahariduin sy huis)". Deur die samehang van die kommentariëring, die suutjiese inglip van dinge wat nie diere is nie (bv. "Camembert", l:3) en die verwysing na die mitologiese eenhoring ("Unicorn (Kalahariduin sy huis)") word die slotstrofe, wat saamvat én klassifiseer, voorberei: álles wat in die eerste strofe genoem is én nog meer sien "reikhalsend" uit na die koms van die "Amasi-voël", 'n soort towervoël. Die gedig word tot meer as net 'n alfabetrympie uitgebou: binne die konteks van die omgewingsbundel waarvoor dit geskryf is, kan dit suggereer dat die Amasi-voël uitkoms moet bring vir die diere en die ganse aarde.

Alhoewel die vooropstelling in die digtitel die *Afrikaanse* van die abecedarium beklemtoon, word diere name veeltalig gelys in Afrikaans, Engels, Latyn en Zulu, wat die verskeidenheid-in-eenheid van die Suid-Afrikaanse gewese kan verteen-

woordig (sodat daar inderdaad na die "Afrika"-stam van "Afrikaanse" verwys word). Die verwysings na prehistoriese diere (Bradysaurus, Lystrosaurus), die opnoem van verskeie eietydse diere en die sterk toekomsgerigheid van die slot maak die gedig omvattend met betrekking tot sowel tyd as ruimte; en deur die keuse van diere word die ganse diereryk landdiere, waterdiere, voëls en insekte - verteenwoordig.

3

In die Afrikaanse poësie is gedigte oor diere, of gedigte waarin dieregestaltes voorkom, volop. Dit is in ooreenstemming met die feit dat die dier een van die mees gebruikte tekens in die wêreldliteratuur is (Foster, 1987: 15); en omdat die dier 'n geïnstitusionele teken is, verteenwoordig dit terselfdertyd 'n kulturele kode (Foster, 1987: 13).

In 'n bondige en bruikbare uiteensetting som Foster (1987: 16-23) die diachroniese uitbeelding van die dier in die wêreldliteratuur op en verwys daarna spesifiek na die voorkoms van dieregedigte in Afrikaans. Sy verwys na *Faune* (1966), 'n bloemlesing met dieregedigte wat deur T.T. Cloete saamgestel is, wys kortliks op digters wat óf in 'n beduidende mate óf op betekenisvolle wyse in Afrikaans oor diere geskryf het en dui aan hoe hulle uitbeelding van diere onderling van mekaar verskil. Sy sonder Leipoldt, Van Wyk Louw, Opperman, Ernst van Heerden en S.J. Pretorius uit, en beskou Stockenström as die toonaangewende digter in Afrikaanse dierepoësie ná die verskyning van *Faune* (kyk Foster, 1987: 31-32).

Foster se lys van digters in wie se poësie diere in beduidende mate voorkom, behoort na regte "op datum" gebring te word deur die toevoeging van digters soos T.T. Cloete, en waarskynlik ook Ina Rousseau en Johann Lodewyk Marais. Ook Cussons het 'n aantal besonderse dieregedigte geskryf (bv. "Die fret"). Só 'n "opdatering" sou egter beteken dat gehele oeuvres deurgewerk sal moet word om presies vas te stel hoe en in welke mate diere daarin voorkom, en dit is nie die doel van hierdie artikel nie.

Ek wil dus met betrekking tot die uitbeelding van die dier in die Afrikaanse poësie voorlopig volstaan met 'n verwysing na *Bokspoortjies*, 'n bundel met agtien gedigte deur Ted Townsend en illustrasies deur Leigh Voigt, in Afrikaans vertaal deur Fanie Olivier (1988). Die bundel word as jeugliteratuur geklassifiseer en die rede waarom ek daarna verwys, is omdat elke gedig oor 'n dier handel wat met 'n spesifieke Suid-Afrikaanse plant geassosieer word op grond van óf visuele ooreenkoms óf benutting van die plant, soos die impalalelie, die paddaboom, die stamvrug. Die didaktiese oogmerk van die bundel blyk duidelik uit die aanbiedingswyse en die woordelys wat agterin verskyn. Dit is visueel 'n mooi publikasie, ofskoon die gedigte as "populêre" poësie aandoen.

4

Ek wil my aandag vervolgens bepaal by die uitbeelding van wilde diere in gevangenskap, 'n onderwerp wat van vroeë af reeds in verskeie letterkundes verteenwoordig is en wat die uitbeelding van die dier in die dieretuin insluit. Die insidensie van laasgenoemde is veral hoog in kinderliteratuur, meer nog as in jeugliteratuur. Bruna (1965) se *Miffy at the zoo* is 'n kartonboekie vir kleuters, net soos Lilly (1972) se *Diere in die dieretuin*, 'n vertaling uit die oorspronklike Engels. Vir ouer kinders is daar boeke soos Deetlefs (1987) se *Leeus lag nie*, waarin 'n besoek aan die dieretuin 'n verbeeldingsvlug by die

jong hoofkarakter tje inisier, en 'n *Pikkewyn verdwyn* (Morris, 1983), 'n vertaalde aktiwiteitsboek waarin feite oor sekere diere in die dieretuin aan die kind oorgedra word (en die oogmerke weer eens lering insluit).

Ook in literatuur vir volwassenes kom die uitbeelding van die dier in die dieretuin voor. Bloemlesings met dieregedigte (hetsy vir kinders of vir volwassenes) is talryk, en die woord "dieretuin" kom volop in bundel- en bloemlesingtitels voor (miskien omdat mense elders, veral in Europa, grotendeels op dieretuine aangewese is om 'n verskeidenheid wilde diere, veral grootwild, lewend te kan sien). 'n Keuse van sodanige titels sluit die volgende in (en in baie gevalle is die "dieretuin" in die titel waarskynlik metafories bedoel met betrekking tot die opgenome gedigte): *The open zoo: A bestiary of poems* (Francis, 1971), *Patria o muerte! The great zoo, and other poems* (Guillen, 1972), *Zoo! A book of poems* (Hopkins, 1971), *The way to the zoo: Poems about animals* (Jackson, 1989), *Selected poems, including The woman at the Washington Zoo* (Jarrell, 1964), *Zoo doings: Animal poems* (Prelutsky, 1983) en *A paper zoo: A collection of animal poems by modern American poets* (Weiss, 1968).

5

Om volledig oor dieretuingedigte te probeer skryf, sou omvattende navorsing verg en 'n omvangryke studie tot gevolg hê. Ek wil dus vervolgens net op enkele dieretuin- en verwante gedigte ingaan sonder om enigsins volledig te probeer werk. Die keuse van gedigte mag selfs vir sommige lesers eklekties voorkom, en gedigte vir kinders word nie hierby ingesluit nie.

Die eerste dieretuingedig wat 'n blywende indruk op my as volwasse leser gemaak het, was nie 'n Afrikaanse gedig nie, maar "Der Panther" ("Die luiperd") deur Rainer Maria Rilke (1875-1926), een van die belangrikste Duitse digters van die vroeë twintigste eeu. Hierdie lank reeds klassiek geworde gedig, wat in 1907 gepubliseer is (opgeneem in Rilke, 1980), is, soos die subtitel aandui, geskryf na aanleiding van 'n besoek aan die dieretuin in Parys. Die "Jardin des Plantes" bestaan reeds sedert 1793 en is die derde oudste dieretuin in die "moderne" Europa. (Die oudste dieretuine is dié van Schönbrunn, wat in 1752 gestig is, en dié van Madrid, wat in 1775 gestig is; kyk *New Encyclopedia Britannica* 19: 116.)

Rilke se gedig beskryf die ontstellende uitwerking wat gevangenskap op die luiperd het:

#### DER PANTHER

*Im Jardin des Plantes, Paris*

Sein Blick ist vom Vorübergehn der Stäben  
so müd geworden, daß er nichts mehr hält.  
Ihm ist, als ob es tausend Stäbe gäbe  
und hinter tausend Stäben keine Welt.

Der weiche Gang geschmeidig starker Schritte,  
der sich im allerkleinsten Kreise dreht,  
ist wie ein Tanz von Kraft um eine Mitte,  
in der betäubt ein großer Wille steht.

Nur manchmal schiebt der Vorhang der Pupille  
sich lautlos auf -. Dann geht ein Bild hinein,  
geht durch der Glieder angespannte Stille  
und hört im Herzen auf zu sein.

In die eerste strofe word beskryf hoe die hok se tralies by die gevange luiperd verbyflits soos hy heen en weer stap, en hoe

sy hele bestaanswêreld ingeperk word tot die klein ruimte agter die vir hom oënskynlik duisend tralies. In die tweede strofe word die luiperd se onophoudelike kringloop in die hok beskryf as 'n dans van middelpuntvliedende krag binne die kleinste sirkel, 'n dans wat hy uitvoer asof in die ban van 'n wil wat sterker as sy eie is. Die beeld van die oë, waarmee die gedig open, keer in die laaste strofe terug. Die onsiende blik word vir 'n oomblik lank weer helder wanneer die luiperd met gespanne spiere sy sirkelgang momenteel onderbreek en kyk - en dan diep in sy hart ophou om te leef.

Rilke se gedig berus op die implisiete kontras tussen die vryheid van die luiperd in sy natuurlike omgewing in die wildernis en sy ingeperktheid in die hok. By implikasie gee die gedig te kenne dat dit immoreel is om 'n dier, wat in vryheid gebore is, in 'n hok in te perk. Die aanhouding van diere in gevangenskap is vir baie mense - ook heelparty digters - 'n hoogs emosionele kwessie, soos uit meerdere gedigte blyk.

Die Amerikaanse digter Ted Hughes (1930-) het twee gedigte oor 'n swart luiperd in gevangenskap geskryf (albei gedigte is in Hughes, 1982 gebloemlees). Die eerste, wat oorspronklik in *The hawk in the rain* verskyn het, lui soos volg:

#### THE JAGUAR

The apes yawn and adore their fleas in the sun.  
The parrots shriek as if they were on fire, or strut  
Like cheap tarts to attract the stroller with the nut.  
Fatigued with indolence, tiger and lion

Lie still as the sun. The boa-constrictor's coil  
Is a fossil. Cage after cage seems empty, or  
Stinks of sleepers from the breathing straw.  
It might be painted on a nursery wall.

But who runs like the rest past these arrives  
At a cage where the crowd stands, stares, mesmerized,  
As a child at a dream, at a jaguar hurrying enraged  
Through prison darkness after the drills of his eyes

On a short fierce fuse. Not in boredom -  
The eye satisfied to be blind in fire,  
By the bang of the blood in the brain deaf the ear -  
He spins from the bars, but there's no cage to him

More than to the visionary his cell:  
His stride is wildernesses of freedom:  
The world rolls under the long thrust of his heel.  
Over the cage the horizons come.

Die ooreenkoms met betrekking tot die titels van Rilke en Hughes se onderskeie luiperdgedigte is opvallend, en soos Rilke maak Hughes ook in sy gedig van teenstelling gebruik. In die eerste plek is die negatieweiteit waarmee die gedrag van die diere in die eerste twee strofes beskryf word, opvallend: die vlooibesmette ape, die "goedkoop" gedrag van die papegaaie, die "slegtigheid" waaraan die tier en die leeu hulself oorgegee het, die passiwiteit van die slapende diere en die stank van hulle lêplekke. Dit is asof daar by dié diere as gevolg van hulle gevangenskap 'n algehele ommekeer in gedrag en geaardheid plaasgevind het. (Dat dié situasie deur die mens se toedoen tot stand gekom het, word nie deur die digter in berekening gebring nie: in dié gedig word die mens slegs as toeskouer uitgebeeld.)

In teenstelling met die dieregedig wat in die eerste twee



strofes negatief beskryf word, word die gedrag van die swart luiperd positief beskryf. Hy is nie passief nie, en word nie deur sy omstandighede ondergekry nie. Of Hughes se gedig inderdaad as 'n "antwoord" op Rilke s'n bedoel is, kan nie met sekerheid beweer word nie, maar dit is opvallend dat dié aspekte wat deur Rilke beklemtoon word, soos die luiperd se oë en sy nimmereindigende sirkelgang in die hok, ook in Hughes se gedig prominent is. Terselfdertyd is dit egter ook duidelik dat Hughes se gedig in teenstellende verhouding tot Rilke s'n staan: waar die oë van Rilke se luiperd onsiende geraak het en, wanneer hy wél kyk, dit in die slotstrofe as 't ware sy hart breek, is die oë van Hughes se luiperd vol vuur: "drills (...) on a short fierce fuse". Hy sien, soos 'n heldersienende, dwarsdeur die tralies van sy hok. Ook sy stap is nie die frenetiese sirkelgang van Rilke se luiperd nie:

His stride is wildernesses of freedom:  
The world rolls under the long thrust of his heel.

Dit lyk dus asof "The Jaguar" as 'n "korrektief" op "Der Panther" gelees kan word. Waar Rilke beweer dat die gevangenskap die luiperd in sy wese doodmaak, lyk dit asof Hughes meen dat die swart luiperd - in teenstelling met ander wilde diere - niks van sy vurigheid inboet as gevolg van sy gevangenskap nie.

Twee bundels later, in *Wodwo*, publiseer Hughes egter 'n tweede luiperdgedig waarvan reeds die titel te kenne gee dat dit 'n besinning op die eerste is: "Second glance at a jaguar". In hierdie stigiese gedig word die swart luiperd beskryf as desperaat, lelik, woedend, wraakgierig en vol haat; sy liggaam as 'n masjien wat net deur sy wraaklus aangedryf word. Van sy grasie het daar weinig oorgebly:

(...) A terrible, stump-legged waddle  
Like a thick Aztec disemboweller,  
Club-swinging, trying to grind some square  
Socket between his hind legs round  
(...)

Die kontras tussen bostaande beskrywing en Hughes se vroeëre beskrywing van die moeitelose gang van die luiperd oor die ronding van die aarde, selfs in sy hok (in die twee laaste reëls van "The jaguar"), val op, net soos die verwysing in "Second glance at a jaguar" na die pad wat die swart luiperd nou om en om loop: "He's wearing himself to heavy ovals". Dit kontrasteer met sy vroeëre siening van die moeitelose grasie waarmee die swart luiperd in sy hok beweeg: "He spins from the bars" ("The jaguar", IV:4) en herinner veel eerder aan Rilke se beskrywing van die luiperd se magtelose kringloop in sy hok.

Ten slotte is dit betekenisvol dat daar met betrekking tot die swart luiperd 'n element van wraak, 'n sterk suggestie van misdadigheid en skuld, in "Second glance at a jaguar" ingevoer word, onder andere in die volgende beskrywing:

He's wearing himself to heavy ovals,  
Muttering some mantrah, some drum-song of murder  
To keep his rage brightening, making his skin  
Intolerable, spurred by the rosettes, the Cain-brands,  
Wearing the spots off from the inside,  
Rounding some revenge. (...)

Soos in "The jaguar" word geen direkte kritiek teen die mens se optrede uitgespreek nie, maar Hughes se herroeping in

"Second glance at a jaguar" van sy siening in "The jaguar" dat die swart luiperd nie noemenswaardig negatief deur gevangenskap beïnvloed word nie, is betekenisvol. In "Second glance at a jaguar" word die dier se gebrokenheid as gevolg van sy gevangenskap soos volg beskryf:

(...) His head

Is like the worn down stump of another whole jaguar,  
His body is just the engine shoving it forward,  
(...)

In teenstelling met die beeld van 'n afgetakelde luiperd in "Der Panther" en in "Second glance at a jaguar" bestaan daar talle gedigte waarin die skoonheid, krag en grasie van dié roofdierfamilie in die natuur beskryf word, van William Blake (1757-1827) se alombekende "The tyger" tot Ted Hughes se "Tigerpsalm" (opgeneem in Hughes, 1982), 'n lofsang op die manier waarop die tier (in teenstelling met die masjiengeweer) sy prooi doodmaak en, in Afrikaans, T.T. Cloete se kwatryn "Jagluiperd" (uit *Met die aarde praat*, 1992) en Johann de Lange se "Bengaalse tier" uit *Snel grys fantoom* (1986: 18). (Lesers van die Afrikaanse poësie sal vanselfsprekend ook aan N.P. van Wyk Louw se "Die swart luiperd" (1942, gepubliseer in *Gestaltes en diere*, 1947) dink, maar as gevolg van die simboliese aard van dié gedig pas dit nie in hierdie kategorie nie, net soos Johann Lodewyk Marais se gedig "Tekstualiteit", uit *Verweerde aardbol*, 1992.) In De Lange se "Bengaalse tier" word die oë en die beweging van die tier weer eens, soos in Rilke, Hughes en Blake se onderskeie gedigte, prominent beskryf:

#### BENGAALSE TIER

Die bospaadjie is 'n geelslang  
wat aan 'n droë loop drink:  
uit die blakerende blare spring op  
'n vloeiende geel-en-swart vlammebed  
en betrag met amber oë gekamoefleer  
my behoedsaam en sloom  
voordat op die bal van agterpote hy  
omswaai en wegstap met lang tree 'n tier.  
In hulle potjies onder die rimpelende vel  
glip en rol geluidloos die pote.

Hardloop hy, beroep hy hom op die woede  
van bloed, op sy redelose geel energie,  
hardloop hy, is hy brandende water, 'n vloed.

Indien gevangenskap in die geval van die roofdier as 'n metafoor vir die dood gesien word, soos by implikasie in Rilke se "Der Panther", kan daar saamgestem word met D.H. Lawrence (1885-1930) se hartseer slotsom na aanleiding van die dood van 'n bergleeu aan die hand van twee Meksikaanse jagters in die verlate Lobo-vallei ("Mountain Lion", opgeneem in Heaney en Hughes 1988: 297):

And I think in this empty world there was room for me and  
a mountain lion.  
And I think in the world beyond, how easily we might spare  
a million or two of humans  
And never miss them.  
Yet what a gap in the world, the missing white frost-face of  
that slim yellow mountain lion!

Rainer Maria Rilke het 'n tweede gedig geskryf na aanleiding van die "Jardin des Plantes", naamlik die sonnet "Papageien-Park" (in 1908 gepubliseer; opgeneem in Rilke, 1980). Rilke staan krities teenoor die voëls se aanhouding in gevangenskap: hy stel die lentegroen kleureprag van hulle veredos (letterlik die groen van nuwe lewe) teenoor die grys ('n "dooie" kleur) en, vir hulle, smaaklose saad wat hulle moet vreet. Ten spyte van hulle gevangenskap behou dié papegaaie egter hulle aristokratiese ("koninklike") houding, en is hulle letterlik én figuurlik neerbuigend teenoor die duiwe, wat die saad wat deur eersgenoemde uitgemors word gretig uitdop en vreet. In die slottersiene word te kenne gegee dat die papegaaie, wat soos misdadigers in voetboeie aangehou word, op die koms van getuiens wag, met die implikasie dat getuienis ingebring sal word wat tot hulle vrylating sal lei.

Ook in Afrikaans is daar gedigte oor papegaaie geskryf: S.J. Pretorius se "Die papegaaie" (in *Die mummie en ander verse*, 1963), Ernst van Heerden se "Papegaaie" (in *Verklaarde nag*, 1965) en twee gedigte deur T.T. Cloete, naamlik "papegaaie" en "Papegaaimannetjie" (albei in *Met die aarde praat*, 1992). Cloete lê in sy gedigte klem op die papegaaie se veelkleurigheid ("karmosynmannetjiespapegaaie", "bessiegeel bek", "rooi tone"; kyk "Papegaaimannetjie") en sy akrobatiese veelsydigheid ("baie/ander interessante/lywe is één papegaaie"; kyk "papegaaie"). In Cloete se gedigte word geen blyke gegee dat die papegaaie aangehou word nie, maar in sowel Pretorius as Van Heerden se gedigte word daar in die eerste versreël reeds op die papegaaie se gevangenskap in 'n kou gewys.

In Pretorius se gedig, waar die papegaaie "verlate" in sy kou "angstig klou" word sy eensaamheid en verwardheid beklemtoon: hy "lag en huil", hy "wurg (aan) droefheid en verlange". Sy lewe is (vir hom?) sonder sin:

Ek het geen doel en strewe:  
alles en niks my lewe.

In Van Heerden se gedig word die papegaaie as verteenwoordiger van die oerwoud gesien. Hy is "(d)ie oerwoud (wat) broei hier in 'n kou", "die kleuresplinter van die oerplaneet", en in sy "klein gevangenis"

is daar die geur van lou seë,  
'n vars bries en seile wydgespan en groot:(.)

Op grond van bostaande perspektief sou die leser kon dink dat sy gevangenskap die voël nie hinder nie. Die aangebode perspektief is egter meer waarskynlik dié van die menslike toeskouer, of sy eienaar, in wie se huis die papegaaie 'n allure van oerwoud en tropiese eiland-idille indra. Die leser verneem immers ook dat die papegaaie "knabbel aan die noodlotsdraad", dat die kou se "blinde mure" die papegaaie se tong "tot bitter groet gewet" het, en daar word gevra:

(hoe sou die bouse oog  
die heimenis van strandmeer en liaan ontbeer?)

Die papegaaie is dus vir sy eienaar soos 'n ornament in die huis, opgesluit omdat hy mooi is om na te kyk. Dit val op dat die beeld van die "blinde mure" te kenne gee dat ook die papegaaie, net soos Rilke se luiperd, nie verder as die tralies van sy hok sien nie.

Met die uitsondering van die papegaaie in Rilke se "Papegaien-Park" is die papegaaie in die gedigte wat hierbo bespreek is, waarskynlik in privaat besit in aanhouding en nie in die dieretuin nie. Die nagapie, wat deur Wilma Stockenström in "Nagapie" uit *Spieël van water* (1973) beskryf word, se situasie is soortgelyk aan dié van die papegaaie: hy word in 'n hok aangehou, blootgestel aan die starende oë van toeskouers wat "kir en giggel" vir sy manewales, sonder dat daar eksplisiet vermeld word of dié hok in die dieretuin staan of nie. Deur die nagapie as 'n "ontvoerde" te beskryf, word daar ook in hierdie gedig implisiet kritiek gelewer op die etiek van die mens wat diere inhok vir sy ydel vermaak.

Die voorstelling van die ingehokte dier as "akrobaat" of "nar" kom in sowel "Nagapie" as Cloete se reeds genoemde "papegaaie" voor. In laasgenoemde gedig word spesifiek gesê:

hy voer toere  
van hansworse en gimnaste uit, (...)

en daar word melding gemaak van die feit dat hy onderstebo hang, soos 'n kind aan die waai van sy bene. Hierbenewens word verwys na die papegaaie se vermoë om te "hopskots", om "skots" te dans en om "tirools" te jodel: aktiwiteite wat die menslike toeskouer amuseer.

Die feit dat soveel mense hulle aan "vermenslikte" dieregedrag verkneuter eerder as om die natuurlike eienskappe van die dier in sy eie habitat te waardeer, is waarskynlik een van die grootste redes waarom diere al eeue lank reeds 'n groot aantrekkingskrag in sirkusvertonings is, soos in D.J. Opperman se "Sirkus" (*Negester oor Ninevé*, 1947) en twee gedigte van Ernst van Heerden, "Dansende sirkusbere" (*Kanse op 'n wrak*, 1982) en "Sirkus op die Karoodorp" (*Najaarswys*, 1993) beskryf word.

Ofskoon "Sirkus" seker deur sommige lesers as 'n prettige beskrywing van 'n sirkusvertoning gelees kan word, verraai die woordkeuse van die digter op verskeie plekke in die gedig 'n kritiese ingesteldheid jeens die feit dat diere afgerig word om op teennatuurlike wyse menslik op te tree. Watter soort samelewing, word daar as 't ware gevra, put genot uit die aanskoue van 'n toneel waar

(...) die olifant op 'n vat gehurk  
met oop-en-toe gekrul van die slurp  
en klein spleetogies gerig op sy baas  
geduldig en vals op 'n mondfluitjie blaas; (...) ?

Die onvanpasheid van die optrede, soos hierbo beskryf, wat die mens van die dier verwag én die mens se ongevoeligheid met betrekking tot dit wat hy die dier aandoen, spreek duidelik genoeg uit die slot van Opperman se gedig:

en bang op 'n wit perd se rug  
klou 'n apie in 'n bont jockiepak  
en ons lag  
en ons lag  
as sy pet al skuinser afsak.

Ook in Ernst van Heerden se genoemde twee gedigte lê die digter, indien dan nie die publiek nie, se simpatie by die bere wat deur die drilmeester "met sy sweep se dwangdressuur" geleer word om

- onder die swierklank van Lehár en Offenbach -  
'n ridikule sarabande  
op 'n saagselvloer

te dans ("Dansende sirkusbere"), en by die leeus in die "stink gegrendelde dierehokke" en die olifante wat "sketter aan hul kettings" ("Sirkus op die Karoodorp").

8

Simpatie met die dier wat mense moet vermaak, soos in die afdeling hierbo beskryf, word ook aangetref in S.J. Pretorius se "Harlekyn van die dieretuin" (uit *Die mummie en ander verse*, 1963), 'n gedig wat behoort tot dié groep gedigte wat eksplisiet oor diere in die dieretuin handel:

#### HARLEKYN VAN DIE DIERETUIN

Hy sien die agies...

Dan wip hy, skielik mal,  
van paal na klip,  
van klip na krip  
en spat die water  
venynig-woes  
dat almal keer en koes,  
maar as hul skater  
vat hy dié sak  
en vou dit oor sy hoof;  
verlate op 'n ashoop rou  
hy oor wat hulle van hom roof;  
ver vlaktes en blou dolomiet -  
'n hopleë gryns verdriet.

Die opvatting dat gevangenskap 'n onreg teenoor 'n dier is, dat die dier daardeur van die vryheid wat sy reg is, beroof word en dat hy daarvoor rou, kom - soos in bostaande gedig - in talle ander dieretuingedigte voor. In C.M. van den Heever se gedig "Agter tralies" (uit *Aardse vlam*, 1938; die gedig is opgeneem in Cloete, 1966) wil die ingehokte roofdier "alles (...) verskeur omdat hy so verneder is", en word geïmpliseer dat hy met die volle montering van die "vreeslike kragte" waarvoor hy beskik, aangevuur deur die "swarte vlac van die drif" probeer het om deur die tralies te breek. Van die futiliteit van dié pogings getuig die "bloedbesmeerde tralies", die manier waarop hy bewering met sy kop op sy pote lê en sy laaste verweer:

(...) met 'n magtelose woede wat die dooi beskewing skeur,  
gaan sy gebrul die asfaltstrate deur.

S.J. Pretorius tref by wyse van teenstelling 'n vergelyking tussen die voorkoms en omstandighede van 'n valk in die Johannesburgse Dieretuin en die vroeëre voorkoms en omstandighede van dieselfde valk in die tyd toe hy nog vry was ("Valk in die dieretuin" uit *Die arbeider en ander gedigte*, 1948). Die grootste deel van die tweede strofe van die gedig word gewy aan 'n beskrywing van die valk in sy jag, wanneer hy deur sy prooi gesien word as iets wat "flikker soos 'n vonk wat kon/gespat het uit die moeson". In gevangenskap het sy pote egter "grof en skubbig" geword en sy vere "vuil en dof". In die eerste strofe van die gedig word die valk se "Vryheidsdors" en sy "blink verdriet/ (...)/ om weer oor die verskiet/ in lugkristalle-boë/ onder die oggendson te hang" beskryf, en die gedig sluit af met die volgende koeplet, wat duidelik na die eerste strofe terugverwys:

Nou bly jy in jou hoekie sit,  
jou oë toe asof jy bid...

Ek wil hierdie afdeling met sy bespreking van Afrikaanse gedigte oor diere wat in dieretuine aangehou word, afsluit met 'n kort bespreking van drie gedigte: John Wain (1925-) se gedig "Au Jardin des Plantes", D.J. Opperman se "Ná 'n besoek aan die dieretuin" en Tom Gouws se "nagbesoek aan die dieretuin".

Die titel van Wain se gedig, "Au Jardin des Plantes" (opgeneem in Larkin, 1973), is amper dieselfde as die subtitel van "Der Panther", die eerste gedig wat in hierdie artikel bespreek is. Soos aangedui is, het hierdie dieretuin nie net aanleiding gegee tot die twee gedigte van Rilke wat bespreek is nie, maar is Hughes se swart luiperd-gedigte moontlik geskryf met Rilke se "Der Panther" in gedagte. Wain se gedig handel oor die doellose bestaan van 'n gorilla wat in die dieretuin aangehou word en daarom nie meer vir homself hoef te sorg nie, en die negatiewe uitwerking wat dit op hom het. Die toepaslike strofes lui soos volg:

A thousand days, and then a thousand nights??  
Idleness licked away his beautiful strength,  
He having no need to earn a living.

It was all laid on, free of charge,  
We maintained him, not for doing anything,  
But for being what he was.

In teenstelling met die roofdier- en talle van die ander gedigte oor diere in dieretuine, word daar nie in Wain se gedig gesuggereer dat die gorilla afgetakel word as gevolg van verlange na sy vryheid nie, maar as gevolg van die feit dat hy gedwing word om 'n nuttelose bestaan te voer. Die uiteindelijke gevolgtrekking wat die leser moet maak, bly egter dieselfde as ten opsigte van die ander gedigte: 'n dier, veral 'n wilde dier, hoort nie in aanhouding nie.

In hierdie opsig verskil Opperman se "Ná 'n besoek aan die dieretuin" (uit *Negester oor Ninevé*, 1947) in beduidende mate van die "patroon" van simpatie met die ingeperkte dier, soos uit die reeds bespreekte gedigte (met die uitsondering van Hughes se "The Jaguar") geblyk het. In Opperman se gedig word te kenne gegee dat die diere en voëls by hulle ingeperkte bestaan in hokke kan aanpas, maar dat die mens nie oor dieselfde aanpasbaarheid beskik wanneer hy ingeperk word (soos deur 'n "enkelkamer"-bestaan in die stad) nie:

#### NA 'N BESOEK AAN DIE DIERETUIN

Twee kraaie het hul nes gemaak  
van stukkies draad;

en in staalkoue  
ver van riete en riviere afgesluit  
broei rooivinke en wildepoues  
nog hul eiers uit;

in ysterhokke  
ver van rantjies en langgras  
werp ape en die waterbokke  
nog hul kleintjies af;

net in 'n enkelkamer ek en jy  
van hulle vreugde afgeskei.



In 1990 verskyn Tom Gouws se debuutbundel, *diaspora*. Die gedig "nagbesoek aan die dieretuin", wat daarin opgeneem is, handel oor 'n begeleide nagtoer deur die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika in Pretoria, maar is duidelik óók geskryf met inagneming van Opperman se "Ná 'n besoek aan die dieretuin" (soos die ooreenkoms tussen die titels reeds aandui). Van al die dieretuingedigte in Afrikaans is Gouws se gedig die "modernste": nie net omdat dit die mees onlangs geskrewe geskryf is nie, maar omdat die verwysing na die begeleide nagtoer en die gesellige verkeer om die kampvuur daarna een van die hedendaagse tendense met betrekking tot die bestuur en die opvatting van die taak van die dieretuin weerspieël, naamlik opvoeding van die publiek, wat vroeër nie 'n doelstelling was nie.

In Gouws se gedig word te kenne gegee dat die nag 'n situasie skep waarin die andersoortigheid van mens en dier, soos reeds uit die slotstrofe van Opperman se gedig blyk, beklemtoon word. In Gouws se gedig word daar egter nog verder gegaan deurdat spookagtigheid en vrees en selfs moord in die dieretuinkonteks betrek word (met o.a. 'n duidelike verwysing na I.D. du Plessis se "Rietfontein") én daar ook 'n sosiopolitieke ondertoon aan die gedig gegee word (bv. deur verwysings na die dwergseekoetjies wat "rassisties" is en die "wit wolf" wat die dieretuin se "kosbaarste besitting" is). Die uiteenlopendheid van die gegewens wat in die gedig betrek word, maak dit moeiliker as in die geval van die ander dieretuingedigte om een spesifieke "siening" daaraan te probeer heg, maar uit die gedig is dit tóg duidelik dat die dieretuin, veral dan in die nag, nie 'n plek is waar die spreker hom tuis voel nie.

9

'n Gedig wat nog met betrekking tot die dieretuin vermelding verdien, is Ernst van Heerden se "Dieretuin van glas" (uit *Kanse op 'n wrak*, 1982). 'n Versameling diere van geblaasde glas, op 'n tafel uitgestal, word beskryf, en elkeen - leeu, kameelperd, waterbok, bobbejaan en luislang - se breekbaarheid word beklemtoon. Die beeld funksioneer as 't ware na twee kante toe: net soos die glasdiere (in vergelyking met hulle eweknieë in die natuur) "tot ongevare geglasuur" is, is die diere in die dieretuin in werklikheid "ongevaarlik" omdat hulle ingehok is; en net soos die glasdiere breekbaar is, is die verlangens van "kreupel Laura", aan wie die diereversameling waarskynlik behoort, "breekbaar" en "tingerig gestulp". Dit gaan in hierdie gedig dus nie soseer om die dieretuin of die gevange diere as sodanig nie, maar om die dieretuin en die gevange dier as metafoor.

Afgesien hiervan val dit die leser ook op dat die gedigtitel "Dieretuin van glas" is (my beklemtoning), maar dat daar in die eerste strofe van die gedig na die versameling diere verwys word as "'n hele *wildtuin*" (eweneens my beklemtoning). In teenstelling met hierdie oënskynlike gelykstelling van dieretuin en wildtuin word daar in die poësie van ander Afrikaanse digters 'n opvallende onderskeid tussen die wildtuin en die dieretuin aangetref, veral wat ingesteldheid betref. By Van Heerden is hierdie verskil nie so opvallend nie (soos reeds gesuggereer is), net soos hy in sy dieretuin- en sirkusgedigte sy simpatie met die gevange dier(e) minder duidelik as byvoorbeeld C.M. van den Heever, S.J. Pretorius en D.J. Opperman (spesifiek in "Sirkus") laat blyk. In "Wildtuin" (*Kwadratuur van die sirkel*, 1990) beklemtoon die gedig weliswaar vanuit die staanspoor die amper oordadige skoonheid van die natuur en die "jubelinge" van die

"huppelende impalas" op wie se rûe die sonlig "bokspring", maar dan volg die teenstellende slotstrofe waarin dit duidelik gestel word dat dood en verrotting ook in dié oënskynlik idilliese wêreld skuil in die gestalte van "klapperende skadu's/ wat walms van verrotting spur/ en gierig/ op 'n smulkans wag".

Daar is in die Afrikaanse poësie nie soveel gedigte oor die wildtuin as wat 'n mens sou verwag nie. "Die olifant" van Wilma Stockenström (*Van vergeetelheid en van glans*, 1976) beskryf 'n olifantbul in die wildtuin, een wat uit eie keuse soos 'n nar optree: "'n Koning kan ook nar speel". Die gedig bevat ook 'n beskrywing van die toeriste se motors vanuit die perspektief van die olifant as "'n deurskynende insek/ waarin mense soos binnegoed beweeg". Nog 'n olifantgedig wat in 'n wildtuin afspeel, is "Dood van Shingwidzi" deur René Marais (opgeneem in Marais, 1990), wat oor die dood van een van die beroemde grootand-olifantbulle in die Nasionale Kruger-wildtuin handel.

Ina Rousseau se vierdelige gedig "Die natuurbewaarder se vrou" (opgeneem in *Taxa*, 1970) laat die klem sterk val op die vrou se drang om haar kinders te beveilig te midde van die onveilige wêreld waarin sy haar bevind. En dit is nie die bokke of die roofdiere waardeur sy haar bedreig voel nie ("Hulle kundige heer,/ my man, kan hulle soos tuinplante beheer/ en lees soos boeke"): haar vrees is vir die "listiger faunas" - muskiete, skroefbasille, vlieë en kalanders - en vir die water.

Verskeie gedigte in Johann Lodewyk Marais se bundel *Verweerde aardbol* het die wildtuin as onderwerp of as agtergrondgewe. Seker die opvallendste, danksy sy titel, is "Nasionale Krugerwildtuin", 'n reeks van vyf vyfreëlige gedigte oor verskillende kampe in dié wildtuin. Naas 'n gedig soos "III Letaba", waarin daar na die dierelewe en die landskap verwys word, is daar in hierdie reeks ook gedigte waarin die diere afwesig is, maar die atmosfeer van Afrika opgeroep word, soos:

#### I *Berg-en-dal*

In hut nr. 16 in hierdie kamp  
met hoë balke en die reuk van gras  
luister ek na die gekrap van kortgolf,  
soek verre stasies, hoor die VOA  
se "Music time in Africa" dof speel.

'n Ander gedig van Marais wat regstreeks met die wildtuin te make het, is "Uitdunning", wat in 'n afdeling gedigte met jag as tema staan en 'n beskrywing gee van die uitdunning van 'n olifantrop deur 'n skerpskutter vanuit 'n helikopter, 'n omstrede praktyk wat in die Nasionale Krugerwildtuin toegepas word om olifantgetalle in bedwang te hou. Die digter se simpatie met die diere blyk ondubbelsinnig uit die slotstrofe met sy duidelike verwysing na N.P. van Wyk Louw se gedig "Svend Foyn het die harpoenkanon" (*Tristia*, 1962). Ek haal die laaste drie strofes van "Uitdunning" aan:

Oor die doodsakker word 'n skoliënpyl  
afgevuur. Die skut herlaai oor en oor  
terwyl hulle om die bondel sirkel.

Die toesighouer skiet elkeen 'n skoot  
in die brein voor werkers die karkasse  
vir die produktefabriek begin laai.

Die sagte sagtes lewer vleis, velle  
 en ivoor vir die welvarende mark.  
 In die veld draai aasvoëls oor vlekke bloed.

10

Met die uitsondering van Johann Lodewyk Marais se "Uitdunning" en, in 'n mate, Tom Gouws se "nagbesoek aan die dieretuin", word die jongste tendense en praktyke met betrekking tot die dieretuin en die wildtuin nie in die tydenootlike Afrikaanse poësie weerspieël nie. Dieretuine, veral, is vandag belangrike teelsentra waar 'n dikwels verbete stryd gevoer word om verskeie dier- en voëlspesies van uitwissing te red. Tog word die dieretuin, op enkele uitsonderings na, sterk negatief uitgebeeld. Sou dit wees omdat digters moontlik emosioneel eerder as pragmaties is? Sou dit wees dat die mens homself in baie gevalle met die dier identifiseer en sy eie gevoelens op hom projekteer? Of het dit met die poëतिक van vryheid te make? Hoe dit ook al sy, dit sal betekenisvol wees om te sien óf en, indien wel, in watter mate die Afrikaanse poësie hom in die toekoms ook van hierdie onderwerp én van die omgewingsproblematiek in breër verband rekenskap sal gee.

## Bibliografie

- Bruna, Dick. 1965. *Miffy at the zoo*. London: Methuen.
- Burm, O.J.E. en Van der Merwe, H.J.J.M. 1978. *Van den Vos Reynarde*. Uitgegee na die Comburgsche handskrif. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Cloete, T.T. (samest.). 1966. *Faune: 'n Bloemlesing oor die dier in die Afrikaanse poësie*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Cloete, T.T. 1992. *Met die aarde praat*. Kaapstad: Tafelberg.
- Deetlefs, René. 1987. *Leeus lag nie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Lange, Johann. 1986. *Snel grys fantoom*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Foster, P.H. 1987. *Die dier as teken in Wilma Stockenström se Monsterverse*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.
- Francis, Dennis. 1971. *The open zoo: A bestiary of poems*. Uitgewersbesonderhede onbekend.
- Gouws, Tom. 1990. *diaspora*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Guillen, Nicolas. 1972. *Patria o muerte! The great zoo, and other poems*. Uitgewersbesonderhede onbekend.
- Heaney, Seamus and Hughes, Ted (eds.). 1988. *The Rattle Bag*. London: Faber & Faber.
- Hopkins, Lee Bennet. 1971. *Zoo! A book of poems*. Uitgewersbesonderhede onbekend.
- Hughes, Ted. 1982. *Selected Poems 1957-1981*. London: Faber & Faber.
- Jackson, David. 1989. *The way to the zoo: Poems about animals*. Oxford: Oxford University Press.
- Jarrell, Randall. 1964. *Selected poems, including The woman at the Washington Zoo*. Uitgewersbesonderhede onbekend.
- Larkin, Philip, ed. 1973. *The Oxford Book of Twentieth-century English Verse*. Oxford: Clarendon Press.
- Lilly, Kenneth. 1972. *Diere in die dieretuin*. Pretoria: Van Schaik. Uit die Engels vertaal.
- Louw, N.P. van Wyk. 1947. *Gestaltes en diere*. In: Louw, N.P. van Wyk. 1981. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Louw, N.P. van Wyk. 1962. *Tristia*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Magill, Frank N. (hoofred.). 1982. *Duisend beste boeke 2*. Kaapstad: Rubicon.
- Marais, Johann Lodewyk (samest.). 1990. *Groen: Gedigte oor die omgewing*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Marais, Johann Lodewyk. 1992. *Verweerde aardbol*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Morris, Neil en Morris, Ting. 1983. *'n Pikkewyn verdwyn*. Kaapstad: Tafelberg. "Op-soek-boek"-reeks. Illustrasies deur Anna Clarke; uit Engels vertaal deur Ulla Schüler.
- The New Encyclopedia Britannica in 30 Volumes*. 1974. Chicago: Benton.
- Ons huis. 1983. Kaapstad: Human & Rousseau. (Afrikaanse uitgawe van *Kijkboek*. 1982. België: Zuidnederlandse Uitgeverij.)
- Opperman, D.J. 1947. *Negester oor Ninevé*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Opperman, D.J. (samest.). 1981. *Nuwe kleuterverseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Prelutsky, Jack. 1983. *Zoo doings: Animal poems*. Uitgewersbesonderhede onbekend.
- Pretorius, S.J. 1963. *Die mummie en ander verse*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Rilke, Rainer Maria. 1980. *Neue Gedichte und Der Neuen Gedichte anderer Teil*. Insel Taschenbuch 49. Frankfurt am Main: Insel Verlag.
- Rousseau, Ina. 1970. *Taxa*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Snyman, M.E. 1992. *Die transponering van woordteks na beeldteks*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif.
- Stockenström, Wilma. 1973. *Spieël van water*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenström, Wilma. 1976. *Van vergetelheid en van glans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Townsend, Ted. 1988. *Bokspoortjies*. Pretoria: Daan Retief. Illustrasies deur Leigh Voigt; Afrikaanse vertaling deur Fanie Olivier.
- Van Heerden, Ernst. 1965. *Verklaarde nag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, Ernst. 1982. *Kanse op 'n wrak*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, Ernst. 1990. *Kwadratuur van die sirkel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, Ernst. 1993. *Najaarswys*. Kaapstad: Tafelberg.
- Warren, Hans (samest.). 1992. Zesde, geheel herziene en uitgebreide editie, tweede druk. *Spiegel van de moderne Nederlandse poëzie*. Amsterdam: Meulenhoff/Leuven: Kritik.
- Weiss, Renée Karol. 1968. *A paper zoo: A collection of animal poems by modern American poets*. Uitgewersbesonderhede onbekend.